PAARL AFRICAN TRUST

41 Sleigh Street, Langebaan, 7357
PO Box 153, Langebaan, 7357
+27 22 125 0400

Geagte Meneer/Mevrou/Mejuffrou

# Kom ons vergemaklik u administratiewe frustrasies

## Maatskappy Dokumente vir Beplannings en Veilige Bewaring

Ons by Paarl African Groep streef daarna om akkuraat en so volledig as moontlik te werk. Ons glo dat elke kliënt van ons vir ons net so belangrik is as wat ons vir onsself is en glo dat niemand met afskeepwerk tevrede is nie. Ongelukkig is ons so afhanklik van u om ons van u akkurate inligting te voorsien, anders gaan daar ongelukkig afskeepwerk plaasvind.

**Daar is ook R88 miljard in onopgeëiste finansiële bates, wat aftreevoordele, bankrekeninge, beleggings en versekeringsuitbetalings in Suid-Afrika insluit. Dit is elke persoon se eie besluit of hulle deel van hierdie statistieke wil word.**

Ons weet dit is vir meeste mense 'n onaangename taak om al hulle dokumente vir ons te stuur, maar ons verseker u dat finansiëel suksesvolle mense baie akkurate rekordhouding toepas en daardeur kan ons vir u baie spaar aan kostes en belastings en kosbare tyd. Kan u u indink dat u 'n persoonlike, trust of maatskappy dokument of inligting skielik benodig en weet ons is daar om dit vir u te stuur, sonder dat u verdere moeite hoef te doen.

**Ons benodig die volgende van elke direkteur en aandeelhouer.**

1. **Identiteitsdokumente** – **Afskrif in kleur**, indien u 'n kaart ID het, die voor en agterkant op een bladsy **in kleur**, met drie handtekening van u daarop. Kleur hou langer, kom ons doen dit een keer klaar. Ons sal dit self beëdig, so moenie dit as beëdig aanstuur nie.
2. **Bewys van huisadres** – dit mag nooit ouer as 3 maande wees nie
3. **Belastingnommer**

**Dan benodig ons die volgende dokumente van die Maatskappy:**

1. **Registrasiedokumente, ook die oorspronklike registrasiedatum van die Maatskappy.**
2. **Akte van Oprigting**
3. **Alle Maatskappy wysigings tot op datum**
4. **Aandeelhouer sertifikate**
5. **Bewys van die Maatskappy se Bankrekening** – 'n brief wat u op u bank applikasie kan aanvra, maak seker dat dit gestempel is, dit mag ook nie ouer as drie maande wees nie
6. **Inkomste Belastingnommer van Maatskappy** - SARS bewys van registrasie van inkomstebelasting.
7. **BTW nommer van Maatskappy**
8. **Finansiële State van Maatskappy**
9. **Bates en Laste van Maatskappy** – ons het 'n bate en laste dokument wat u net kan invul.
10. **Aandeleportefeuljes van Maatskappy –** enige aandele en die hoeveelheid wat u besit
11. **Titelaktes van Eiendom(me) van Maatskappy**
12. **Korttermyn versekeringsskedule en Eisegeskiedenis van Maatskappy**

PAARL AFRICAN TRUST

13. **Polisse en beleggings van Maatskappy** – ons kan dit aanvra met die magtigings wat u vir ons gee, maar sal u in kennis stel as ons sekere inligting nie kan kry nie.
14. **Aftreefonds en Groep skema voordele inligting**
15. **Mediese Fonds en Gapingsdekking (Gap Cover) skemas**

Baie mense weet nie eers waar al hierdie dokumente van hulle is nie, maar met hulle in die hand kan ons belasting-, boedel-, egskeiding-, administrasie-, en nog heelwat ander kostes beperk.  Ons wil graag ons kliënte se finansiële verwagtinge oortref.

Hier onder is ons QR-Kode met ons inligting op, skandeer dit gerus om toegang te kry daartoe en u kan dit selfs op u foon se tuisskerm installeer.

Vriendelike groete

**Hendrik Janse van Vuuren**
**Fiduciary Practitioner of South Africa® | Certified Financial Planner®**
*Member of the Fiduciary Institute of Southern Africa Nr. F1686*
*Member of the Financial Planning Institute of Southern Africa Nr. 101891*